Posbus 4300 Tygervallei 7536 • Belmont Office Park Twiststraat Bellville 7535 • www.caperf.co.za
Tel: 021 943 5306 Faks: 021 917 4606 E-pos: rone@caperf.co.za

2010-11-07

Algemene Jaarvergadering 2012

Kennis geskied hiermee kragtens Reël 13(2) van die Reëls van die Fonds dat die **VYFTIENDE ALGEMENE JAARVERGADERING** van die Algemene Komitee op **VRYDAG, 17 FEBRUARIE 2012 OM 09:00 IN DIE C R LOUW LESINGSAAL, SANLAM HOOFKANTOOR, STRANDWEG 1, BELLVILLE** gehou sal word.

1. AFGEVAARDIGDES

1.1 Ooreenkomstig Reël 15(1) van die Reëls van die Fonds kan LEDE, nie later nie as vyf weke **(d.i. 2011-12-15)** na ontvangs van hierdie kennisgewing, lede afgevaardigdes verkies om die algemene jaarvergadering by te woon. Hierdie kantoor moet binne sewe dae **(d.i. 2011-12-23)** van die verkiesing, van die name van afgevaardigdes en sekundi asook hul lidnommers in kennis gestel word. Die onderstaande tabel sit die aantal afgevaardigdes uiteen wat verkies mag word om die jaarvergadering by te woon. Die wyse van verkiesing word bepaal in Reël 15 van die Reëls van die Fonds.

1.2 Ooreenkomstig Reël 13(6) van die Reëls van die Fonds kan elke PLAASLIKE OWERHEID, nie later nie as twaalf weke **(d.i. 2012-02-03)** na ontvangs van hierdie kennisgewing, dieselfde getal afgevaardigdes as die lede aanwys om die algemene jaarvergadering by te woon. Hierdie kantoor moet binne sewe dae **(d.i. 2012-02-10)** van sodanige aanwysing verwittig word.

Aantal bydraende lede van die Fonds per Plaaslike Owerheid	Aantal afgevaardigdes wat die AJV mag bywoon	
	Lede afgevaardigdes	Raadslede afgevaardigdes
1 - 100	1	1
101- 250	2	2
251 - 1000	3	3
1001 - 2000	4	4
2001 of meer	10	10

Om te bepaal op hoeveel afgevaardigdes u Raad geregtig is, sien aangehegte skedule. (Bylae A)

2. MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Ooreenkomstig Reël 13(9) en 13(10) van die Reëls van die Fonds moet die Hoofbeampte minstens tien weke skriftelike kennis gegee word van die voorneme om 'n mosie by die algemene jaarvergadering in te dien. U word dus versoek om so spoedig moontlik, maar in elk geval **vóór 12 Desember 2011**, enige mosies wat op die agenda van die jaarvergadering geplaas moet word, in te dien.

LET WEL DAT GEEN MOSIES AANVAAR SAL WORD INDIEN DIT NIE VÓÓR 12 DESEMBER 2011 EN IN BEIDE AFRIKAANS EN ENGELS INGEDIEN WORD NIE!

3. REËLWYSIGING : VERKIESING VAN LEDE AFGEVAARDIGDES

Die Reëls van die Fonds is gewysig deur die invoeging van die woorde “of vergaderings” na die woord “vergadering” waar dit voorkom in Reël 15.1 tot 15.5. Die doel van die wysiging is om die Munisipale Bestuurder van ‘n deelnemende werkgewer toe te laat om meer as een vergadering te hou vir die doel van die verkiesing van lede afgevaardigdes. Dit sal van toepassing wees in gevalle waar ‘n plaaslike owerheid geografies te wyd verspreid is om slegs een vergadering te hou, of waar ‘n deelnemende werkgewer so ‘n groot aantal lede van die Fonds het dat dit onprakties is om slegs een vergadering te hou (bv. Stad Kaapstad). Ongelukkig sal hierdie reëlwysiging slegs help in daardie gevalle waar die lede van ‘n deelnemende werkgewer twee of meer lede as afgevaardigdes na die AJV mag verkies.

Uittreksels uit bogenoemde Reëls is hierby aangeheg vir u gerief. (Bylae B)

ADV JF KOEKEMOER
HOOFBEAMPTE

Bylae A

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID
PROVINSIE NOORD-KAAP

	PLAASLIKE OWERHEID	AANTAL AFGEVAARDIGDES	
		LEDE	RAADSLEDE
1	Dikgatlong Munisipaliteit	1	1
2	Dr Ruth Segomotsi Mompati Distriksmunisipaliteit	2	2
3	Emthanjeni Munisipaliteit	1	1
4	Frances Baard Distriksmunisipaliteit	2	2
5	Gammagara Munisipaliteit	1	1
6	Ga-Segonyana Munisipaliteit	1	1
7	Greater Taung Munisipaliteit	1	1
8	Hantam Munisipaliteit	1	1
9	Joe Morolong Local Municipality	1	1
10	John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit	1	1
11	Kagisano-Molopo Munisipaliteit	2	2
12	Kai!Garib Munisipaliteit	2	2
13	Kamiesberg Munisipaliteit	1	1
14	Kareeberg Munisipaliteit	1	1
15	Karoo Hoogland Munisipaliteit	1	1
16	Kgatelopele Munisipaliteit	1	1
17	Khai-Ma Munisipaliteit	1	1
18	Khara Hais Munisipaliteit	3	3
19	!Kheis Munisipaliteit	1	1
20	Magareng Municipality	1	1
21	Naledi Munisipaliteit	2	2
22	Nama Khoi Munisipaliteit	1	1
23	Namakwa Distriksmunisipaliteit	1	1
24	Phokwane Munisipaliteit	1	1
25	Pixley Ka Seme Distriksmunisipaliteit	1	1
26	Renosterberg Munisipaliteit	1	1
27	Richtersveld Munisipaliteit	1	1
28	Siyancuma Munisipaliteit	1	1
29	Siyanda Distriksmunisipaliteit	1	1
30	Siyathemba Munisipaliteit	1	1
31	Sol Plaatje Munisipaliteit	3	3
32	Thembelihle Munisipaliteit	1	1
33	Tsantsabane Munisipaliteit	1	1
34	Ubuntu Munisipaliteit	1	1
35	Umsobomvu Munisipaliteit	1	1

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID
PROVINSIE WES-KAAP

	PLAASLIKE OWERHEID	AANTAL AFGEVAARDIGDES	
		LEDE	RAADSLEDE
1	Beaufort-Wes Munisipaliteit	2	2
2	Bergrivier Munisipaliteit	2	2
3	Bitou Munisipaliteit	3	3
4	Breede Vallei Munisipaliteit	3	3
5	Cederberg Munisipaliteit	2	2
6	Drakenstein Munisipaliteit	4	4
7	Eden Distriksmunisipaliteit	3	3
8	George Munisipaliteit	3	3
9	Hessequa Munisipaliteit	2	2
10	Kaap Agulhas Munisipaliteit	2	2
11	Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit	3	3
12	Kannaland Munisipaliteit	1	1
13	Knysna Munisipaliteit	3	3
14	Laingsburg Munisipaliteit	1	1
15	Langeberg Munisipaliteit	3	3
16	Matzikama Munisipaliteit	3	3
17	Mosselbaai Munisipaliteit	3	3
18	Oudtshoorn Munisipaliteit	3	3
19	Overberg Distriksmunisipaliteit	2	2
20	Overstrand Munisipaliteit	3	3
21	Prince Albert Munisipaliteit	1	1
22	Saldanhabaai Munisipaliteit	3	3
23	Sentrale-Karoo Distriksmunisipaliteit	1	1
24	Stad Kaapstad	10	10
25	Stellenbosch Munisipaliteit	3	3
26	Swartland Munisipaliteit	3	3
27	Swellendam Munisipaliteit	2	2
28	Theewaterskloof Munisipaliteit	3	3
29	Weskus Distriksmunisipaliteit	3	3
30	Witzenberg Munisipaliteit	3	3

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID
PROVINSIE OOS-KAAP

	PLAASLIKE OWERHEID	AANTAL AFGEVAARDIGDES	
		LEDE	RAADSLEDE
1	Alfred Nzo Distriksmunisipaliteit	1	1
2	Amahlati Munisipaliteit	1	1
3	Amatole Distriksmunisipaliteit	3	3
4	Baviaans Munisipaliteit	1	1
5	Blue Crane Munisipaliteit	1	1
6	Buffalo Stad Munisipaliteit	10	10
7	Cacadu Distriksmunisipaliteit	1	1
8	Camdeboo Munisipaliteit	2	2
9	Chris Hani Distriksmunisipaliteit	3	3
10	Elundini Munisipaliteit	1	1
11	Emalahleni Munisipaliteit	1	1
12	Gariep Munisipaliteit	1	1
13	Groot Kei Munisipaliteit	1	1
14	Intsika Yethu Munisipaliteit	2	2
15	Inxuba Yethemba Munisipaliteit	2	2
16	Joe Gqabi Distriksmunisipaliteit	2	2
17	King Sabata Dalinyebo Munisipaliteit	1	1
18	Kouga Munisipaliteit	3	3
19	Kou-Kamma Munisipaliteit	1	1
20	Lukhanji Munisipaliteit	2	2
21	Makana Munisipaliteit	2	2
22	Malethswai Munisipaliteit	1	1
23	Matatiele Plaaslike Munisipaliteit	1	1
24	Mnquma Munisipaliteit	1	1
25	Ndlambe Munisipaliteit	2	2
26	Nelson Mandela Baai Munisipaliteit	10	10
27	Nkonkobe Munisipaliteit	2	2
28	Nxuba Munisipaliteit	1	1
29	Nyandeni Plaaslike Munisipaliteit	1	1
30	Sakhisizwe Munisipaliteit	1	1
31	Senqu Munisipaliteit	2	2
32	Sondagsriviervallei Munisipaliteit	1	1
33	Tsolwana Munisipaliteit	1	1

UITTREKSELS UIT DIE REËLS

13. GEWONE ALGEMENE JAARVERGADERING

(1) 'n Gewone algemene jaarvergadering van die FONDS moet elke jaar binne 12 maande na die vorige finansiële jaar gehou word op 'n datum deur die TRUSTEES bepaal, en moet deur die HOOFBEAMPTE in opdrag van die TRUSTEES belê word.

(2) Die HOOFBEAMPTE moet nie minder nie as sewentien weke voor die datum van die algemene jaarvergadering 'n kennisgewing met die datum, tyd en plek van daardie algemene jaarvergadering aan elke PLAASLIKE OWERHEID stuur.

(3) Elke geassosieerde PLAASLIKE OWERHEID wat -

(a) eenhonderd of minder LEDE in diens het, mag een RAADSLID aanwys as 'n afgevaardigde, en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag een LID as 'n afgevaardigde kies; of

(b) honderd-en-een of meer, maar nie meer as tweehonderd-en-vyftig LEDE in diens het, mag twee RAADSLEDE as afgevaardigdes aanwys, en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag twee LEDE as afgevaardigdes kies; of

(c) tweehonderd een-en-vyftig of meer, maar nie meer as een duisend LEDE in diens het, mag drie RAADSLEDE as afgevaardigdes aanwys en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag drie LEDE as afgevaardigdes kies; of

(d) eenduisend-en-een of meer, maar nie meer as tweeduisend LEDE in diens het, mag vier RAADSLEDE as afgevaardigdes aanwys, en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag vier LEDE as afgevaardigdes kies; of

(e) tweeduisend-en-een of meer LEDE in diens het, mag tien RAADSLEDE as afgevaardigdes aanwys, en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag tien LEDE as afgevaardigdes kies om die algemene jaarvergadering by te woon.

(4) Ten opsigte van elke afgevaardigde aangewys of verkies ingevolge subreël (3)(a), (3)(b), (3)(c), (3)(d) of (3)(e), mag die geassosieerde PLAASLIKE OWERHEID en LEDE een sekundus aanwys of verkies, wat die geval ook al mag wees, om die algemene jaarvergadering in die afwesigheid van sodanige afgevaardigde by te woon, en enige sekundus aldus aangewys of verkies, word, wanneer hy die algemene jaarvergadering in die afwesigheid van die afgevaardigde aldus aangewys of verkies, bywoon, geag die afgevaardigde te wees wat aldus aangewys of verkies is.

(5) Elke afgevaardigde en sekundus deur die LEDE verkies ingevolge subreëls (3) en (4) moet ooreenkomstig die bepalings van REËL 15 verkies word.

(6) Die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van elke PLAASLIKE OWERHEID moet die HOOFBEAMPTE nie later nie as dertien weke na ontvangs van die kennisgewing soos voorsien in subreël (2) in kennis stel van die name en adresse van die aangewese en verkose afgevaardigdes en sekundi.

(7) (a) Dertig afgevaardigdes vorm 'n kworum by die algemene jaarvergadering.

(b) Indien 'n kworum nie binne dertig minute na die vasgestelde tyd vir die aanvang van die vergadering teenwoordig is nie, moet die vergadering uitgestel word tot dieselfde tyd op die eerste werksdag daarna en die lede wat dan teenwoordig is, vorm 'n kworum.

(8) Die voorsitter van die TRUSTEES tree as voorsitter op by die algemene jaarvergadering en, indien hy afwesig of onwillig of nie in staat is om op te tree nie, sal die ondervoorsitter van die TRUSTEES aldus optree. Indien die voorsitter en die ondervoorsitter afwesig of onwillig of nie in staat is om as voorsitter by die algemene jaarvergadering op te tree nie, moet die oorblywende TRUSTEES een van hul lede kies om as voorsitter op te tree.

(9) Die HOOFBEAMPTE moet minstens tien weke skriftelike kennisgewing gegee word van voorneme om 'n mosie by die algemene jaarvergadering in te stel;

(a) die TRUSTEES kan opdrag gee dat enige mosie wat na hul mening teenstrydig is met die bepalings van die REËLS of die WET of van 'n suiwer administratiewe aard is, nie by die algemene jaarvergadering ingedien en bespreek of oor gestem moet word nie; en

(b) die voorsitter van die algemene jaarvergadering kan toelaat dat enige mosie wat deur die TRUSTEES aan die algemene jaarvergadering voorgelê is vir dringende oorweging en ten opsigte waarvan kennis nie gegee of nie vroegtydig ingevolge hierdie REËLS gegee is nie, ingedien en bespreek en oor gestem kan word.

(10) Mosies vir bespreking by die algemene jaarvergadering mag net ingedien word deur -

(a) die TRUSTEES;

(b) 'n afgevaardigde van 'n PLAASLIKE OWERHEID indien die betrokke mosie behoorlik goedgekeur is op 'n vergadering van die PLAASLIKE OWERHEID wat deur die afgevaardigde verteenwoordig word; of

(c) 'n afgevaardigde van LEDE indien die betrokke mosie behoorlik goedgekeur is op 'n vergadering van LEDE gehou ingevolge die bepalings van REËL 15.

(11) Die HOOFBEAMPTE moet -

(a) nie minder nie as nege weke voor die datum van die algemene jaarvergadering 'n lys van alle mosies wat ontvang is aan die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van elke PLAASLIKE OWERHEID stuur ter inligting van sodanige PLAASLIKE OWERHEID en LEDE; en

(b) nie minder nie as twee weke voor die datum van die algemene jaarvergadering 'n kennisgewing met die datum, tyd en plek van die vergadering tesame met 'n afskrif van die agenda, jaarverslag en finansiële state stuur aan elke afgevaardigde verkies deur LEDE of aangewys deur 'n PLAASLIKE OWERHEID; met dien verstande dat indien geen afgevaardigde soos hierbo genoem verkies of aangewys is nie, die HOOFBEAMPTE 'n afskrif van die agenda, jaarverslag en finansiële state aan die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID moet stuur ter inligting van die PLAASLIKE OWERHEID en LEDE.

(12) Elke afgevaardigde en TRUSTEE teenwoordig by die algemene jaarvergadering, behalwe soos bepaal in REËL 10(3), is geregtig op een stem.

(13) Die voorsitter van sodanige vergadering het 'n beslissende sowel as 'n gewone stem.

(14) Stemming geskied deur opsteek van hande, tensy minstens vyf afgevaardigdes, deur op te staan, stemming per briefie versoek; met dien verstande dat stemming ten opsigte van die verkiesing van enige persoon tot 'n amp per briefie moet geskied en in geval van 'n staking van stemme moet die saak deur loting deur die voorsitter beslis word.

(15) By stemming per briefie moet die voorsitter twee of meer afgevaardigdes aanstel om die stembriewe bymekaar te maak, na te gaan en te tel en hom in te lig oor die uitslag van die stemming, waarna hy die uitslag van die stemming aan die vergadering bekendmaak.

(16) Die uitslag van die verkiesing waarna in REËL 10(1) verwys word, moet by die algemene jaarvergadering bekendgemaak word en die voorsitter moet die verkose persone behoorlik verkies verklaar.

(17) In soverre 'n besluit van die algemene jaarvergadering nie teenstrydig is met die bepalings van enige WET of hierdie REËLS nie, is dit bindend op die TRUSTEES en LEDE van die FONDS.

15. VERKIESING VAN LEDE AFGEVAARDIGDES

(1) Die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van elke PLAASLIKE OWERHEID moet 'n vergadering of vergaderings van LEDE in DIENS van sodanige PLAASLIKE OWERHEID belê nie later nie as vyf weke na ontvangs van die kennisgewing soos bepaal in REËL 13(2) vir die verkiesing van 'n afgevaardigde of afgevaardigdes met 'n sekundus of sekundi om die algemene jaarvergadering by te woon.

(2) Die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE moet elke LID minstens veertien dae voor die datum van die vergadering of vergaderings skriftelik in kennis stel van die datum, tyd en plek van die vergadering of vergaderings; met dien verstande dat die nie-ontvangs van sodanige kennisgewing deur enige LID nie die verrigtinge van sodanige vergadering of vergaderings ongeldig sal maak nie.

(3) Die LEDE teenwoordig by sodanige vergadering of vergaderings vorm 'n kworum.

(4) Die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van die PLAASLIKE OWERHEID, of sy BENOEMDE tree as voorsitter van sodanige vergadering of vergaderings op, of indien hy of sy BENOEMDE om enige rede afwesig is of permanent of tydelik onwillig of nie in staat is om aldus op te tree nie, moet die vergadering of vergaderings 'n lid uit diegene wat teenwoordig is, kies om as voorsitter op te tree.
Die voorsitter of enige persoon wat deur hom vir hierdie doel aangestel word, moet notule van die verrigtinge van sodanige vergadering of vergaderings hou.

(5) By sodanige vergadering of vergaderings moet die voorsitter nominasies vra vir die vereiste aantal afgevaardigdes en sekundi wat LEDE moet wees.

(6) Indien die aantal nominasies wat ontvang is nie meer is as die aantal afgevaardigdes of sekundi wat verkies mag word nie, moet die voorsitter die kandidate aldus genomineer, behoorlik verkies verklaar.

(7) Indien die aantal nominasies wat ontvang is egter meer is as die aantal afgevaardigdes of die aantal sekundi of die aantal afgevaardigdes én die aantal sekundi wat verkies mag word, wat die geval ook al mag wees, moet die vereiste aantal afgevaardigdes en sekundi deur geheime stemming verkies word.

(8) 'n LID mag nie vir meer kandidate stem as die aantal afgevaardigdes en sekundi wat verkies mag word nie.

(9) Die voorsitter moet 'n stembus voorsien wat hy in die teenwoordigheid van die vergadering, en voordat stemming begin, moet seël nadat hy aan die vergadering getoon het dat dit leeg is.

(10) Elke LID moet die stembriefie wat aan hom oorhandig word, invul en dit in die stembus plaas voordat hy die vergadering verlaat.

(11) Die voorsitter moet twee lede as stemopnemers aanstel om die stemme onmiddellik na die stemming te tel.

(12) Indien die geldigheid van ‘n stembriefie betwyfel word of indien daar onder die stemopnemers ‘n geskil oor die stemming is, moet die saak beslis word deur die voorsitter wie se besluit finaal en bindend is. Indien die voorsitter ‘n direkte of indirekte belang in enige sodanige saak het, moet hy homself verskoon en die vergadering moet ‘n lid kies uit diegene wat teenwoordig is om as voorsitter op te tree vir die doeleindes van hierdie REËL en totdat sodanige saak besleg is soos hierbo voorsien deur die voorsitter aldus verkies.

(13) (a) Nadat die stemme getel is moet die voorsitter en die stemopnemers ‘n verslag oor die uitslag van die stemming opstel.

(b) Die voorsitter en stemopnemers moet die verslag onderteken en die voorsitter moet die kandidaat of kandidate wat die meeste stemme verwerf het, behoorlik verkies verklaar.

(c) Die HOOF UITVOERENDE BEAMPTE van die PLAASLIKE OWERHEID moet binne sewe dae na die vergadering die notule van die verrigtinge van sodanige vergadering, sodanige verslag en ‘n lys van die name van elke verkose afgevaardigde en sekundus aan die HOOFBEAMPTE voorlê.